Hoe om optelgoed uit die veld in kunstige nutsartikels te omskep

Gebruik optelgoed uit die veld om verskillende artikels mee te skep. Dit is ook lekker om in die veld met ’n groep kinders te stap. Koppel die gemaakte artikels aan graadwielwerk soos Natuur en Omgewing, Besoedeling, Gedragskode in die veld of enige handwerk- of kunsspesialisasie.

? Stappe

1. Jy benodig:
   Projekgom, Ponalgom, skêr, verskeie weggooi- of optelgoed wat versamel is op ’n veldstappie (klein klippies, saadjies, vere, grasse) verskillende papiertjies soos lekkergoedpapiertjies, wolletjies/lintjies, doppies, dekseltjies, ensovoorts. Gebruik al hierdie artikels om mooi goed mee te maak!



2. **Boekmerkies** met gedroogde blommetjies of blaartjies.
3. **Klippe**
   Kies ’n mooi vorm klip. Sorg dat die klip lekker glad en mooi skoongeskrop is. Teken eers die buitelyne op die klip met ’n potlood. Sodra jy tevrede is met jou ontwerp, kan jy begin verf. Party klippe is donker van kleur en het dalk meer as een lagie verf nodig. Verf die grootste kleurdele eerste en gebruik dan ’n dun kwassie vir detail. Versier met plakkertjies of wolletjies vir hare indien gesiggies gemaak word. Gebruik as ’n papiergewig (vadersdag-geskenk) of deurstopper.

4. **Botteltuintjie** – plant plantjies in ’n oopgesnyde plastiek Coke-bottel. Versier die bottel met klippies, takkies, sade, skulpies, vere of enige iets wat opgetel is.
5. Ou blikke/**plastiekplanthouertjies** – versier met droë blare, saadjies, klippies of veertjies. Plant plantjies daarin of vul met sand of klippe en gebruik vir ’n vlagstaander.

6. Dun riete opgesny kan gebruik word vir **rame** vir “veldskilderye” of *decopage*. Gebruik ’n kruisvaswoel om punte mee vas te maak.
7. Veertjies kan gebruik word vir kaartjies, boekmerkies of pleknaam-kaartjies.
8. **Droomvangers** kan gemaak word van ’n ou draadhanger. Hang daaraan iets wat ritsel in die wind, of iets blinks soos’n stukkie tinfoelie, koeldrankdoppies, ensovoorts.
9. Maak ’n **skildery** of **collage**. Plak enige optelgoed op ’n skoon polistireenbord, (soos waarin vrugte verpak word).
10. **Sleutelhouertjies** – enige voorwerp wat plat genoeg is om gelamineer te word of ’n plastiekoortreksel (DC Fix) oor te sit. Stokkies, stukkies hout of weggooileer uitgesny in enige vorm kan ook gebruik word.

☺ Wenke

1. Gebruik goedjies wat maklik kan plak en sal klou. Blare verkrummel na ’n tyd.
2. Maak seker van ’n groot variasie optelgoed.

☠ Waarskuwings

1. Verseker dat die eindproduk diensbaar genoeg is om gebruik te kan word sodat dit nie net weereens ’n weggooiding word nie.
2. Pasop vir geroeste skerp blikke en goed wat dalk baie vuil is.